word die beste wat jy kan wees

# LAERSKOOL KNYSNA PRIMARY

become the best that you can be

Uit die hoof se pen...

**Geagte Ouers** **29 Maart 2023**

**Soos die kwartaal tot 'n einde kom en ons 'n oomblik kry om oor nog 'n fantastiese kwartaal te besin, erken ons die feit dat ons inderdaad ongelooflik gelukkig en bevoorreg is!**

**Ek is dus baie opgewonde om van ons hoogtepunte te deel:**

## Amptelike verslag van die Skoolevalueringsowerheid:

• Dit was 'n uiters intense en gedetailleerde besoek van twee dae met die doel om 'n onafhanklike evaluering van die hele skool te doen in terme van die areas waarna verwys word in Die Nasionale Evalueringsinstrument. Die voorlopige terugvoer was baie positief en ons het die formele verslag vroeër hierdie kwartaal ontvang.

Neem dus asseblief kennis van die onderstaande kort opsomming van die formele verslag:

| **OVERALL RATINGS** | | |
|---|---|---|
| **1** | **OVERALL PERFORMANCE OF THE SCHOOL** | **4/4** |
| | | |
| **2** | **AREAS FOR EVALUATION** | |
| 2.1 | Learner achievement | **n/a** |
| 2.2 | Teaching and learning | **4/4** |
| 2.3 | Behavior and safety | **4/4** |
| 2.4 | Leadership and management | **4/4** |
| 2.5 | Governance, parents and community | **3/4** |

**"The overall performance of the school is outstanding."** – Mesdames RS Raubenheimer and H van Zyl.

Ons neem kennis van die aanbevelings van die verslag en weet dat behoorlike ouerbetrokkenheid altyd 'n uitdaging sal wees. Daar is egter 'n hele aantal ouers en besigheidseienaars wat gedurende hierdie kwartaal na die skool uitgereik het. Daarvoor is ons baie dankbaar en is dit absoluut hartverblydend om sulke vrygewigheid en ondersteuning te ervaar.

(Die gedetailleerde verslag sal op ons webwerf beskikbaar wees).

## Sistemiese uitslae 2022:

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) doen sedert 2002 Sistemiese Toetse in Huistaal en Wiskunde vir graad 3- en 6-leerders. Die program is in 2010 na graad 9 uitgebrei. Dié uitslae help skole om areas vir verbetering te identifiseer en help ook die WKOD om areas van die kurrikulum wat bykomende ondersteuning benodig, te identifiseer en aan te spreek.

Dit is belangrik om te noem dat ons absoluut geen insette of toegang tot hierdie toetse het nie. Niemand word in die klas toegelaat terwyl die leerders skryf nie. Ons speel ook geen rol in die nasien van die vraestelle óf die verwerking van die punte nie. Die hele proses word deur die WKOD bestuur en ons ontvang slegs die uitslae en aanbevelings. Altesaam 984 publieke laerskole in die provinsie het hierdie toetse in 2022 geskryf.

**Kwintiele:**

Die Minister bepaal jaarliks die nasionale kwintiele vir openbare skole wat deur die LUR'e gebruik moet word om skole te identifiseer wat nie skoolgeld mag hef nie.

Skole in elke provinsie word dus in vyf groepe geklassifiseer van die armste tot die minste arm. Kwintiel 1 is 'n groep skole in elke provinsie wat vir die armste 20% van skole voorsiening maak. Kwintiel 2 maak voorsiening vir die volgende armste 20% van skole terwyl **Kwintiel 5-skole die minste armes verteenwoordig**.

Skole ontvang geld van die regering volgens Kwintiele. Kwintiel 1-skole ontvang die hoogste toekenning per leerder, terwyl Kwintiel 5-skole die minste ontvang.


Laerskool Knysna is 'n Kwintiel 5-skool, aangesien ons as 'n gegoede skool beskou word - ten spyte van die feit dat ons baie uitdagings moet trotseer omdat soveel gesinne nie hul skoolfonds betaal nie.

**Opsomming van uitslae:**

KPS het, soos voorheen, weer 'n bevredigende hoë standaard gehandhaaf met 'n paar aangename verrassings. Ons het ook baie goed vergelyk met die ander Kwintiel 5-skole in die provinsie. Die Sistemiese uitslae vergelyk ook goed met ons eie akademiese skedules en is dus 'n akkurate aanduiding van ons leerders se akademiese prestasie.


### Grade 3 results

**Progress in Mathematics and Language**




| | 2019 | 2021 | 2022 |
|---|---|---|---|
| Mathematics Results (%) | 92.4 | 90.1 | 87.5 |
| Language Results (%) | 73.9 | 74.8 | 75.0 |

## Average percentage





| | 2019 | 2021 | 2022 |
|---|---|---|---|
| Mathematics Results (%) | 75.8 | 74.2 | 73.1 |
| Language Results (%) | 61.5 | 61.8 | 61.4 |

# Grade 6 results


**Progress in Mathematics and Language**

## Pass percentage




| | 2019 | 2021 | 2022 |
|---|---|---|---|
| Mathematics Results (%) | 84.0 | 78.3 | 89.0 |
| Language Results (%) | 83.0 | 71.3 | 75.4 |

## Average percentage




| | 2019 | 2021 | 2022 |
|---|---|---|---|
| Mathematics Results (%) | 66.9 | 62.8 | 69.6 |
| Language Results (%) | 63.5 | 61.0 | 60.5 |

## Personeel:



• Beide mev. Shilton en mev. Rautenbach het dogtertjies in hul gesinne verwelkom. Ons deel hul vreugde en vertrou dat hulle en hul kleingoed, Daisy Rae and Hailee-Gem, in oorvloed geseën sal word.

## Graad 3-speelarea:



• Onder die inisiatief van die Botha-familie, eienaars van Ile de Pain, is 'n bedrag van R100 000 ingesamel om 'n behoorlike speelarea vir die graad 3-klasse te ontwerp en te bou. Bouwerk sal gedurende die vakansie begin en ons is baie opgewonde om die finale produk te sien! Dankie Paulie en Willem! Dankie ook aan ons gr.3-graadhoof, Mev. Stander én haar kollegas wat die projek geïnisieer het. Wat 'n uitstekende gedagte.

## Somersport:



• Ons leerders het verskeie geleenthede gehad om o.a. aan atletiek, krieket, tennis, tweekamp en swemgalas deel te neem. Alhoewel ons leerders uitstekende resultate gelewer het, het ons ook opgemerk dat ons leerders die mees goedgemanierde leerders in die distrik is. Alhoewel dit 'n pluimpie vir ons leerders is, is dit nogal teleurstellend om die agteruitgang van sommige skole se leerders se gedrag te sien terwyl hulle sport speel of ondersteun. **Ek is regtig trots om te sien dat ons waardes weerspieël word wanneer ons leerders hul skool en hul gemeenskap verteenwoordig.**

• Sterkte aan al die Tweekampatlete wat gedurende die vakansie aan die SA Kampioenskappe in Stellenbosch gaan deelneem. Ons is reeds trots op julle!

## Wintersport:

• Die 0/13 Seuns- en Dogtershokkiespanne het reeds aan die jaarlikse *Backward Point*-toernooi deelgeneem en baie goed gevaar. Ons sien uit na 'n wonderlike seisoen, aangesien beide hierdie spanne reeds groot potensiaal toon.

• Die 0/13 rugby- en netbalspanne neem hierdie komende vakansie aan 'n toernooi in die Paarl deel. Hulle het goed voorberei en ons wens hulle alle sterkte toe.

## Knysna Pre-Primêr:

• Ons fokuspunte vir die afgelope twee kwartale was om die diens en geleenthede wat ons kleuters ontvang, te verbeter.

• Ons het die volgende inisiatiewe bekendgestel:




• 'n *"Learn2Swim" program* waar elke kleuter weekliks waterveiligheid aangeleer word. Hierdie program sal deur die jaar aangebied word;

• 'n Voedingprogram waar die kinders daagliks twee maaltye en twee versnaperinge ontvang;

• 'n Musiekprogram vir die graad R-leerders, wat hulle gedurende die jaar aan vyf verskillende musiekinstrumente blootstel;

• Vakansiesorg;

• Verskeie waterglybane vir daardie uiters warm somersdae.

• Ons is baie opgewonde om die verskil te sien wat hierdie inisiatiewe reeds maak ten opsigte van ons kinders se ontwikkeling en die pret wat hulle het.

## Nuwe webwerf:



• Ons nuwe webwerf sal eerskomende Vrydag (31/03) in werking tree. Ons is baie opgewonde oor hierdie platform en hoe dit die beeld van ons skool sal verbeter.

## Akademie:

• Leerders sal op Donderdag, (30/03) rapporte ontvang. Ruim asseblief tyd in om saam met hulle deur hul rapport te gaan. Prys en gee erkenning waar dit toekom en ondersteun en motiveer waar nodig.

• Ons sal vroeg volgende kwartaal ouervergaderings hou om ouers wat werklike bekommernisse het, 'n geleentheid te bied om met u kind se onderwysers te skakel.

## Dankie aan:

Vergun my asseblief die geleentheid om die volgende mense van harte te bedank:




1. Dewald en Vickey Walters van WE Properties, vir die nuwe "banners" en gazebo's vir ons veld.
   Dankie ook vir die Slush Puppy-masjien en al die strope. Dit was nou 'n "soet" gedagte.
2. Dankie aan Jacques Jacobs van Blue Moon Luxury Holiday Apartments Knysna, vir die borgskap t.o.v. hempies vir ons opkomende netbal- en rugbytoer.
3. Aan Kim Gess van Jeeves Heated Towel Rails, wat ook 'n reuse bydrae gemaak het om hierdie hempies 'n werklikheid te maak.
4. Aan Kobus Marais van Group 1 Knysna vir die geborgde hoflikheidskar.
5. Aan elke liewe mamma en pappa – of julle op die FASTEAM dien of nie, baie dankie dat julle kom help het met die voorbereiding, maak en verkoop van kos/snoepgoed met ons atletiekbyeenkomste asook met die Vooma Derby.
6. Aan Retha van Zyl en die FASTEAM wat altyd bereid is om te help waar julle kan.
7. Hierdie gaan nie ongesiens verby nie. Ons waardering is groot.

## Vakansie:




Dit was inderdaad 'n baie besige, vol kwartaal en ons (én julle), het almal 'n goeie wegbreek van die skool nodig. Alhoewel dit 'n kort vakansie is, spandeer asseblief 'n bietjie kwaliteittyd as 'n gesin saam. Jul kinders het dit nodig!

Vir daardie gesinne wat reis, bid ek reisgenade toe.



Dankie vir julle volgehoue ondersteuning.



**Ivor White**

(SKOOLHOOF)

.........always ahead